

Geagte Ouers

Dit is vir ons aangenaam om u mee te deel dat u kind in die Gr. R klas aanvaar is. Ons vertrou dat hy/sy 'n leersame tyd by ons sal ervaar en deel sal word van ons groot en gelukkige familie.

Daar is 'n paar sakies wat ons graag onder u aandag wil bring vir 2016:

1. Ons nooi u en u kind vriendelik uit na ons Gr. R ope-dag op Saterdag, 17 Oktober 2015 vanaf 09:00 – 10:00. Ons sal om 09:00 in die skoolsaal byeenkom waar ons skoolhoof, mnr. Harmse, die nuwe gr. R leerlinge en hulle ouers sal toespreek. Daarna sal ons afbeweeg na die gr. R gebou sodat u die gr. R onderwyseresse in hulle onderskeie klasse kan ontmoet.

Let wel : Gedurende die ope-dag sal u 'n gr. R T-hemp kan bestel. **Bestelling(s) kan slegs geskied saam met betaling.** Neem ook in ag dat u kind(ers) in die tweede en derde kwartaal aan sport deelneem en dit dus beter sal wees om twee hempies te bestel. Een T-hemp kos R100.

2. Die skool begin op Woensdag, 13 Januarie 2016 om 08:00.
3. Skoolure: 08:00 tot 13:00 (**12:00 tot 29 Januarie**). Leerlinge moet asseblief teen 08:00 by die skool wees en om 13:00 deur 'n verantwoordelike persoon BINNE die Gr. R terrein gehaal word. Indien u kind deur 'n ander persoon afgehaal word, moet u ons asseblief skriftelik in kennis stel. Onderwyseresse aanvaar geen verantwoordelikheid na 13:00 vir leerlinge nie, aangesien ons by die onderrig van senior leerlinge betrokke is.
4. Ons nooi u kind vriendelik uit om op Dinsdag, 12 Januarie 2016 om 09:00 te kom kennis maak met die gr. R onderwyseresse. Ons ondervind dat die leerlinge hul eerste skooldag met meer selfvertroue kan aanpak as hulle die vorige dag vertrouwd gemaak word met hulle omgewing en ook weet wie hulle onderwyseres gaan wees. Die besoek sal ± 30 minute duur.

L.W. Bogenoemde besoek is slegs vir die leerlinge. Ouers word vriendelik versoek om buite te wag.

5. Trek asseblief ou klere vir u kind aan, aangesien ons baie "mors-aktiwiteite" aanbied en nie graag hul klere wil bemors nie.
6. Ouers word versoek om alle klere (skoene ingesluit), tasse, kosblikke (ook deksels) ens. te merk. Rubbersandale kan aan die kant gemerk word.
7. Sorg asseblief dat u kind geen speelgoed skool toe bring nie. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir speelgoed wat wegdraak nie.
8. Plaas asseblief enige gelde wat u stuur in 'n koevert met die volgende daarop: naam van leerling, naam van onderwyseres, bedrag en waarvoor dit is.

9. Op 'n Vrydag kan 'n lekkertjie of soet-dingetjie saamgebring word. Op al die ander dae moet hulle asseblief "gesonde" kos (bv. 'n toebroodjie, vars vrugte, droë wors, vrugtelekkers, kaas, rosyntjies, ens.) saambring. Ons probeer om by ons leerders gesonde eetgewoontes aan te kweek.
10. Vrydae is koekiedag. Elke ouer sal een of twee beurte kry om koekies te verskaf. Met die geld wat ons insamel, kan ons voorsiening maak vir daardie ekstra, onbeplande uitgawes. Koekiegeld word eenmalig aan die begin van die jaar betaal teen R30 per jaar.
11. **Indien u kind medikasie neem, moet u ons asseblief daarvan in kennis stel deur middel van 'n brief.**
12. Siek leerlinge moet liefsv tuis gehou word totdat hulle heeltemal gesond is.
13. Uitstappies word gereeld onderneem en ouers sal vooraf in kennis gestel word.

Hier volg 'n lys van noodsaaklike benodigdhede:


1. **'n Skooltas (minimum grootte 38cm x 30cm), sonder wieletjies, groot genoeg vir alle persoonlike besittings (Tekkies, sweetpak, boek, ekstra klere, kosblik, ens.)**
2. 'n Verpligte skryfbehoeftepak sal vanaf 2 November 2015 by die kantoor beskikbaar wees. Die pak sal ongeveer R350 kos (ons beding nog die beste pryse) en al die noodsaaklike skryfbehoeftes vir die jaar bevat. Dit is uiters noodsaaklik dat die pak hierdie jaar gekoop word aangesien dit reeds op Dinsdag, 12 Januarie 2016 by die skool moet wees. Kryte moet individueel met kleefband/naamplakkers gemerk word.
3. 'n Houer sneesdoekies, 1 pak van 25 papierborde, 1 skuursponsie, 1 papier handdoekrol en 'n koekie seep.
4. 'n **Klein** kussinkie wat ook duidelik gemerk moet word.
5. 'n Goedkoop potloodsakkie vir kryte (**Geen "spacecases" nie asseblief**).
6. Ons sal dit waardeer indien u die volgende items vir ons bymekaar kan maak:
 - roomysstokkies
 - polistireenbakkies
 - klein boksies bv. tandepasta, sop, ens.
 - tydskrifte
 - koerantpapier (groot koerante bv. Herald/Burger; nie klein koerantjies soos Express nie)
 - afvalpapier
 - materiaal

Vriendelike Gr. R groete

GR. R ONDERWYSERESSE

J.J. HARMSE
SKOOLHOOF

2015-09-17



Dear Parents

We are happy to inform you that your child has been accepted in the Grade R class. We trust that he/she will experience a meaningful time with us and become part of our large, happy family.

We would like to bring the following matters for 2016 to your attention:

1. We invite you and your child to our Gr R Open Day on Saturday, 17 October 2015 from 09:00 – 10:00. We will start in the school hall where our principal, Mr Harmse, will address the new Gr R pupils and their parents. Thereafter everybody will move down to the Gr R building to meet the Gr R teachers in their classrooms.

Please take note: During our Open Day, you will have the opportunity to order a grade R T-shirt. **Orders can only be made once we have received payment.** Please remember that during the second and third term your child(ren) will have the opportunity to participate in a sport and we are of the opinion that it will be better to order two T-shirts. A T-shirt costs R100.

2. School will start at 08:00 on Wednesday, 13 January 2016.
3. School hours: 08:00 till 13:00 (**12:00 until 29 January**). Pupils must please be at school by 08:00 and fetched at 13:00 sharp. A responsible person must fetch learners from **INSIDE** the Gr R premises. If a different person has to fetch a learner, we must be informed about it in writing. Grade R teachers also teach senior pupils after 13:00 and therefore cannot be held responsible for the care of the Gr. R's after their official class hours.
4. We invite your child to come and meet the Gr R teachers on Tuesday, 12 January 2016 at 09:00. We find that the pupils face their first day at school with more confidence once they have become familiar with their new environment and have met their teacher. The visit will last for about 30 minutes.

Please take note that only the pupils may attend. Parents should please wait outside.

5. Pupils should wear old clothes to school as we often do messy projects which may spoil their clothes.
6. Parents must please mark all clothes (including shoes), school bags, lunch boxes (lids as well) etc. Rubber sandals could be marked on the sides.
7. Pupils must please not bring any toys to school. We accept no responsibility for lost toys.

8. All money sent to school must please be put in an envelope clearly marked with the name of your child, name of the teacher, amount inside and what it is for.
9. Pupils may bring something sweet to school on Fridays. On all the other days we would like them to eat healthy food e.g. a sandwich, fresh fruit, dry wors, fruit sweets, cheese, raisins, etc. By doing so we encourage and install healthy eating habits.
10. Friday is "cookie" day. Each parent will get a turn or two to bake cakes. The money raised in this way will be spent on those extra, unplanned expenses. Cookie money is paid in one sum of R30 at the beginning of the year.
11. **You must please inform us in writing if your child is on medication.**
12. Sick pupils should rather be kept at home till they have recovered fully.
13. Excursions form a valuable part of our curriculum and parents will be notified of details in advance.

The following articles are a necessity:

1. **A large enough school bag (minimum size 38cm x 30cm), without wheels, for all their personal belongings (tackies, tracksuit, book, extra clothes, lunch etc).**
2. A compulsory stationery pack will be available at the office from 2 November 2015. This pack will contain all necessary items of stationery for the year. The cost will be about R350 (we are still negotiating the best prices). It is imperative that this pack is bought this year as all items must be sent to school on Tuesday, 12 January 2016. All crayons should be marked individually using sticky tape or name stickers.
3. 1 box of tissues, 1 packet of 25 paper plates, 1 scouring sponge, 1 roll of paper toweling and a bar of soap.
4. A **small**, clearly marked cushion.
5. Any cheap pencil bag for crayons. **No space cases please.**
6. It will be appreciated if you could collect the following items for us:
 - ice-cream sticks
 - polystyrene containers
 - small boxes e.g. toothpaste, pill, soup
 - magazines
 - scrap paper
 - newspaper (large pages eg. Herald or Burger; not small pages eg. Express)
 - material off-cuts

Kind Gr R regards

GRADE R TEACHERS

J.J. HARMSE
PRINCIPAL

2015-09-17